

Gids vir ouers

Moet my kind 'n masker dra?

Die COVID-19-regulasies bepaal dat die dra van 'n masker verpligtend is as 'n persoon die huis verlaat. Die dra van maskers sal ook verpligtend wees by die skool. Die dra van 'n masker is vir baie mense ongemaklik en ouers word aangemoedig dat die dra van 'n masker by die huis geoefen moet word. Weet wat om te doen en wat om nie te doen nie.





Wanneer moet my kind by die huis bly?

Die leerder moet tuis bly indien hy/sy enige van die volgende tipiese COVID-19-simptome vertoon:

Tipiese Covid-19 Simptome	Ja/Nee
Koors	
Hoes	
Rooi oë	
Asemhalingsprobleme	
Liggaamspyn	
Moegheid of swakheid	
Verlies aan reuk of smaak	
Naarheid	
Braking	

Wat gebeur wanneer die leerder by die skool aankom?

- 'n Mediese sifting ("screening") van die leerder sal gedoen word wat die volgende behels:
 - Die neem van die leerder se koors, met 'n geskikte apparaat;
 - Die voltooiing van 'n kliniese vraelys wat die moontlike simptome wat die persoon mag ervaar insluit.
- Fisiese afstande van ten minste een en 'n halwe meter sal tussen die leerders gehandhaaf word deur toesighouding en beheer.

Wat gebeur indien 'n leerder tipiese Covid-19-simptome toon?

- Die leerder sal toegang tot die skool geweier word en die ouer/voog moet die leerder terug neem huis toe.



- Wanneer die leerders reeds by die skool is, sal hy/sy onmiddellik geïsoleer word op só 'n wyse dat ander leerders of personeel nie in gevaar gestel word nie.
- Die leerder sal van 'n gesigmasker voorsien word indien hy/sy nog nie een het nie.
- Die ouers / voogde van die leerder sal onmiddellik in kennis gestel word.
- Die skool sal die relevante gesondheidsamptenare of die COVID hulplyn by: 0800-02-9999 kontak.

Is die neem van temperatuur verpligtend?

Ons Grondwet waarborg aan elke persoon die reg tot privaatheid en liggaamlike integriteit. Artikel 36 van die Grondwet verduidelik dat hierdie regte beperk mag word, solank die beperking redelike en regverdigbaar is.

Daar is geen twyfel dat Covid-19 hoogs aansteeklik is nie. Weens die aansteeklikheid van die virus en die globale dodetal, weeg die Veiligheids- en Gesondheidsmaatreëls en skole se risiko-planne wat dalk temperatuur-meting vereis, meer as persone se reg tot liggaamlike integriteit en privaatheid.

Daar is dus geen redelike rede om die neem van temperatuur te weier nie, indien die metode nie oormatig indringend is nie. Indien die neem van temperatuur geweier word, is dit steeds moontlik om op ander simptome staat te maak om 'n mediese sifting ("screening") te doen, ten einde skole toe te laat om te voldoen aan Veiligheids- en Gesondheidsmaatreëls. Die persoon wat weier dat sy of haar temperatuur gemeet word, kan regmatig toegang tot die terrein geweier word.

Wat van die snoepie?

Ingevolge die regulasies gepubliseer in Staatskoerant 43258 van 29 April 2020 word sekere besighede geleidelik heropen onder streng maatreëls. Aangesien vlak 3



Regulasies nog nie gepubliseer is nie, word daar vanaf die vlak 4 regulasies gewerk. Die betrokke maatreëls verg dat:

- (a) Streng gesondheidsmaatreëls en sosiale afstand reëls gehandhaaf word;
- (b) werknemers en werkspligte moet infaseer moet word om die werkplek COVID-19 gereed te kry; en
- (c) terugkeer na werk moet op 'n wyse geskied wat sal verseker dat die risiko vir infeksie laag bly.

Snoepies val onder die bogemelde besighede en sal dus slegs mag verkoop wat deur die regulasies toegelaat word. Kosprodukte word toegelaat, maar die verkoop van gekookte kosse word nie toegelaat nie, tensy dit by die koper se huis afgelewer word.

Skole mag dus hul snoepies open mits daar aan die maatreëls voldoen word. Sosiale afstand moet gehandhaaf word en oppervlaktes moet gereeld ontsmet word. Verseker dat handontsmettingsmiddels beskikbaar is vir gebruik deur die kinders. Snoepies sal 'n werksbeleid in plek moet stel om die veiligheid van werkers en leerders te verseker deur byvoorbeeld te vereis dat werkers handskoene dra, 'n oppervlakte ontsmet na elke interaksie met 'n leerder, en gereeld hul hande was.

Wat van kontant by die snoepie en die skool?

Can COVID-19 be spread through coins and banknotes?



There is currently no evidence to confirm or disprove that COVID-19 virus can be transmitted through coins or banknotes.

However, respiratory droplets expelled from an infected person can contaminate and persist on surfaces.

Wash your hands regularly and thoroughly after touching any frequently-touched surface or object, including coins or banknotes. Avoid touching your eyes, mouth and nose, if your hands are not cleaned.

17 April 2020

#Coronavirus **#COVID19**





Kan my kind 'n kosblik saamvat?

Volgens die Amerikaanse FDA (Food and Drug Administration), die WGO (Wêreldgesondheidsorganisasie) en ons eie regering is daar op hierdie stadium nog geen bewyse dat Covid-19 deur voedsel of voedselverpakking versprei kan word nie. Daar is inderdaad verskeie virusse en siektes wat deur voedsel versprei kan word, maar tot op hede is Covid-19 nie een daarvan nie.

Wat belangrik is, is dat daar behoorlike sosiale afstand gehandhaaf moet word tussen leerders en dat kos nie gedeel moet word as hande nie ontsmet of behoorlik met seep gewas is nie. Wanneer 'n kosblik voorberei word moet die persoon wat dit voorberei sorg dat sy of haar hande behoorlik skoon is deur dit behoorlik te was met seep of te ontsmet met 'n handontsmettingsmiddel. Rou en ongekoekte kos, soos vrugte moet sorgvuldig gewas word met skoon, lopende water.

How should I wash fruit and vegetables in the time of COVID-19? **Wash them the same way you would in any other circumstance.**



Before handling them, wash your hands with soap and water.

Then, wash fruit and vegetables thoroughly with clean water, especially if you eat them raw.

17 April 2020

#Coronavirus **#COVID19**



World Health Organization



Mag ek weier om my kind terug te stuur skool toe?

Die Minister van gesondheid Angie Motshekga het op 19 Mei 2020 aangekondig dat Graad 7 en 12 leerders op 1 Junie 2020 terug keer skool toe, leerders van ander grade word later infaseer en daardie datums sal nog bekend gemaak word.

Kinders tussen 7 en 15 jaar is skoolpligtig en daar is 'n wetlike plig op ouers (artikel 3 van die Skolewet) om hul kinders te laat skool bywoon. Skole moet weer alles moontlik doen om 'n veilige omgewing vir leerders te verseker en skole is nie verplig om leerders te ondersteun wat tuis bly as die skole open nie, tensy die leerder 'n onderliggende gesondheidstoestand het wat hom/haar meer vatbaar vir Covid-19 maak en dit dus beter is dat die leerder tuis bly. Leerlinge wat afstandsonderrig moet ontvang weens siektetoestande, sal mediese bewyse moet verskaf.

Ouers wat kinders sonder onderliggende gesondheidstoestande tuis hou en hulle nie vir tuisonderrig registreer nie, is skuldig aan 'n misdryf en kan vervolg word.

Art 51 van die Skolewet bepaal dat 'n ouer wel by die Departementshoof kan aansoek vir tuisonderrig. Indien toestemming verleen is, sal die leerder dan nie meer 'n ingeskrewe leerder by sy skool wees nie en moet die leerder by 'n kurrikulumverskaffer geregistreer word, wat die leerling aan die einde van die jaar vir die betrokke graad sal sertifiseer.

Skole kan nie weier as 'n ouer 'n leerder uit die skool neem nie, maar die skool is onder geen verpligting om die leerder tuis te ondersteun nie, tensy die provinsiale onderwysdepartement in sy regulasies daarvoor voorsiening maak. Skole en skoolbeheerliggame kan hul diskresie hieroor uitoefen en besluit of die skool wel oor die middele en kapasiteit beskik om wel afstandsonderrig aan te bied, indien hulle nie leerlinge wil verloor nie.



Leerders wat nie vir tuisonderrig geregistreer is nie, sal geen bewys van die jaar se akademiese werk hê nie, geen formele sertifikaat ontvang nie en enige skool sal die reg hê om te bepaal wat die standaard van die onderrig was, ongeag of 'n sertifikaat uitgereik is of nie. Indien die leerder weer die volgende jaar by 'n skool wil inskryf, word dit as 'n nuwe aansoek beskou en moet dit ingevolge die skool se toelatingsbeleid en plek in die skool oorweeg word. Die skool kan 'n plasingss assessering doen om te besluit of die leerder wel oor die nodige kennis en vaardighede beskik om in 'n spesifieke graad geplaas te word en is dit nie vanselfsprekend dat die leerder saam met sy/haar ouderdomsgroep na die volgende graad bevorder sal word nie.

Ouers word aangemoedig om met die skool te skakel om voldoende inligting te kry voordat besluite oor die moontlikheid van afstandonderrig of tuisonderrig geneem word.



MAATREËLS WAT DIE SKOOL SAL IMPLIMENTEER:



Die klaskamer en die skoolomgewing is sodanig ingerig ten einde die afstandhoudingsnorm van ten minste 1.5m ten alle tye te handhaaf.



Daar word van alle besoekers, personeel en leerders vereis om een of ander vorm van bedekking oor hul monde en neuse te dra.



Elke werknemer en leerder sal voorsien word van handreinigers, seep en skoon water om hul hande te was.



Daar sal verseker word dat werknemers en leerders hul hande met seep en water was en ook gereeld hul hande ontsmet.



Ouers sal deurgaan op hoogte gehou word van nuwe protokolle en maatreëls wat geïmplementeer moet word.



Die skoolgeboue sal deurgaans skoon gehou en ontsmet word.



Die relevante protokol toepas indien leerders of werknemers COVID-19-simptome toon.



Terugkomgids vir leerders

Ek kan reeds die volgende doen voor ek terugkeer skool toe:

1. Kry 'n masker wat reg pas.
(Masker moet jou mond en neus bedek.)
2. Oefen by die huis om jou masker korrek aan te sit en af te haal.
(Vat slegs aan die rekkies/toutjies, nie aan die binnekant.)
3. Pas goeie higiëne by die huis toe.
(Was hande korrek. Hoes/nies in jou elmboog.)
4. Oefen sosiale afstand = 1,5 meter.
(Geen fisiese kontak, bv. drukkies.)
5. Eet gesond en hou by jou slaaproetine.

Hoe was ek my hande?




Maak hande nat.




Gebruik seep.



Was jou handpalms en bokant van hande.



Was jou duime.



Was jou naels.



Was jou vingers.



Spoel hande af.



Droog hande af. Gooi papierhanddoek weg



Hande moet vir 20 sekondes gewas word.

Prente: www.schooldiva.co.za



Hoe hoes/nies ek korrek?



Hoes of nies in jou geboë elmboog.
Hoes of nies in 'n snesie. Gooi dadelik weg.

Emosionele gemoedsrus:

Praat gerus met jou juffrou of meneer as jou hartjie die behoefte het.

Kinders onder die ouderdom van 18 jaar, steek die heel moeilikste die Corona-virus aan.



Prosedure by die skoolhek:


Arriveer by die skool met jou masker aan.



Meld aan by die hek.



Behou sosiale afstand van 1,5 meter ten alle tye.



Temperatuur word geneem.



Hande, skoene en tas word gesaniteer.



Register en vraelys word voltooi.



Vraelys

Het jy enige van die volgende simptome?

Temperatuur $\geq 38^{\circ}\text{C}$	JA	NEE
Het jy 'n skielike droë hoes?	JA	NEE
Is jy kortasem?	JA	NEE
Is jou keel seer?	JA	NEE
Het jy in die afgelope 14dae kontak gehad met iemand wat besmet is met die Coronavirus (COVID-19)?	JA	NEE




Indien jy een of meer van hierdie simptome het, kan jy ongelukkig nie skool bywoon nie.

Wat is anders by die skool?

-  Geen saalperiodes in die saal, virtuele saal in die klas op die witbord.
-  Leerlinge wissel nie klasse nie.
-  Alternatiewe pouses, nie almal op dieselfde tyd nie.
-  Bring water in 'n bottel van die huis af om te drink.
-  Geen speletjies tydens pouses as 'n groep met of sonder speelgoed, bv. balle.
-  Bring genoeg van jou eie snesies.



Badkamerprosedures:



Was jou hande voor en na jy die toilet gebruik het.



Droog jou hande met papierhanddoek af en gooi dit weg.



Wanneer jy terugkom by die klas, saniteer jou hande.



Na pouse:



-  Meld aan by die hande-was stasie.
-  Was hande deeglik.
-  Saniteer hande voor jy by die klas ingaan.

Dinge om te doen wanneer ek by die huis kom:



Trek jou skoene uit voor jy die huis binnegaan en los dit by die deur.



Los jou tas net binne die deur.



Saniteer jou hande.



Haal jou masker korrek af deur net aan die rekkies/toutjies te vat.



Was jou masker met seep.



Trek jou boklere uit en gooi dit in die was.



Saniteer/was jou hande.



Eet 'n gesonde middagete.



Haal die boeke uit jou tas en doen jou werk.



Saniteer/was jou hande.





Belangrike inligting om te onthou:



Moenie jou masker met iemand anders deel nie.



Onthou om jou masker elke dag te was.



Moenie aan jou gesig en oë vat nie.



Moenie skryfbehoeftes uitleen nie.



Hou naels kort en skoon.



Vermyn die deel van glase, eetgerei, eetgoed en drinkgoed.



Moenie grappies maak oor iemand wat siek is nie.



Bly by die huis as jy siek is of siek voel.



Stel jou juffrou/meneer in kennis indien jy enige tyd deur die dag begin sleg voel.



Dankie!